

# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 7/2023
11 Mei 2023

☎ 012 661 2341
college@midstreamcollege.co.za

## SKOOLSAKE

### UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Die koue en vreemde nat Kaapse weer die afgelope paar dae het ons effe onverhoeds betrap. Na die heerlike warm weer die naweek moes ons vinnig spring om wintersdrag ook 'n opsie te maak. Nader aan die eksamen sal daar ook verdere verligting teen die koue wees wanneer leerders die geleentheid sal hê om met óf wintersdrag óf skoolsweetpakke skool toe te kom. Vir die interim is somers- of wintersdrag toelaatbaar. (Meer besonderhede volg later in hierdie skrywe.)

Ons wintersport is voluit aan die gang en ons eerste rugby- en netbalspan verdien vermelding met hul pragvertonings tot dusver. Dankie vir jul ondersteuning op die buitemuurse front. Ek hoop om nog meer van julle in die komende weke langs die veld te sien. Raadpleeg gerus ons dagboek op die webblad vir meer inligting.

Ek herinner ouers daaraan dat die Oval, oorkant Cozinha-restaurant, aan die skool behoort. Hoewel gesinne meer as welkom is om die velde vir speel te gebruik, mag geen groepe die veld gebruik of enige georganiseerde spansport daar gespeel word sonder die College se toestemming nie. Die veld word deur die skool gebruik vir amptelike skolesport soos krieket, sokker en sagtebal.

'n Woord van dank aan al die ouers wat verlede week ons oueraand bygewoon het. Ek herinner julle graag aan ons oopdeurbeleid. Kontak ons gerus indien daar enige akademiese -, sport- of kultuurnavrae is.

Daar het verlede naweek nie minder nie as 44 van ons leerders aan die ATKV-redenaars deelgeneem. Ons hou saam met julle duimvas dat daar baie van julle na die volgende rondte sal deurdring. Die eksamen loer reeds vir die graadagts tot -elfs; daar is net meer as drie weke oor voor die Junie-eksamen. Carpe Diem – gryp elke geleentheid aan om vir die komende eksamen voor te berei. Sterkte ook aan ons graadtwaalfs wat hierdie kwartaal nog die kurrikulum moet voltooi.

> Success is no accident. It is hard work, perseverance, learning, studying, sacrifice and most of all, love of what you are doing or learning to do.
>
> Pelé (Brazilian football legend)

## SKOOLREËLS – SKOOLDRAG

Leerders het tans die opsie om tussen somer- en wintersdrag te wissel en word óf volle somerdrag óf volle wintersdrag toegelaat. Vanaf 29 Mei sal leerders toegelaat word om die volledige skoolsweetpak vir die res van die kwartaal te dra.

Let asseblief op die volgende reëls rakende die dra van sweetpakke:

- Slegs die volledige sweetpak word toegelaat. Die sweetpaktop mag nie buite 'n akademiese klas uitgetrek word nie.
- 'n LO- of huishemp moet onder die sweetpak gedra word.
- Hardloopskoene – GEEN Tommy-tekkies, *pumps* of skoolskoene mag saam met die sweetpak gedra word nie.
- Wit sportsokkies word saam met die hardloopskoene gedra – geen *funky-socks* of gekleurde kouse nie.
- Ander voorkomsreëls (reëls vir hare, grimering en juweliersware) is steeds van toepassing.

Die reëls vir leerdervoorkoms is op die skool se webblad beskikbaar.

# AKADEMIE

## AKADEMIESE TOP-3

Gebaseer op die eerste kwartaal se punte, is die Top-3-leerders per graad soos volg:

**Graad 8**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Lisa Rautenbach | 95.85% |
| 2. | Angelique van Rensburg | 94.69% |
| 3. | Lisa Strauss | 94.62% |

**Graad 9**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Lin-Mari Rudolph | 95.69% |
| 2. | Lené Liebenberg | 94.15% |
| 3. | Emma Steyn | 93.00% |

**Graad 10**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Renate Maré | 98.57% |
| 2. | Jenhara Rooplall | 95.14% |
| 3. | Shayur Vather | 94.43% |

**Graad 11**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Cara-Renette Ponting | 97.00% |
| 2. | Danielle Rossouw | 96.57% |
| 3. | Wihan Cilliers | 94.29% |

**Graad 12**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Jean Blignaut | 94.86% |
| 2. | Christiaan Maré | 93.57% |
| 3. | Marco van der Westhuizen | 93.00% |

## VAKVERANDERINGE

Daar is net meer as drie weke oor voor die Junie-eksamen, gevolglik kan daar hierdie kwartaal geen verdere vakveranderinge oorweeg word nie.

## OUERAAND

Baie dankie dat u die oueraand op 4 Mei bygewoon het. Aangesien hierdie kontaksessies beperk was, wil ons u uitnooi om met u kind se vakonderwyser te skakel indien daar sake is wat u nog wil bespreek.

## EKSAMENAFBAKENING

Die eksamenafbakening, per vak, sal Maandag 15 Mei op beide die webblad en u kind se tablet beskikbaar wees.

## GRAAD 10-VAKKEUSES VIR 2024

Neem asseblief kennis dat vanjaar se graad 9-Junie-eksamenpunte vir u kind se graad 10-vakkeuses gebruik sal word. Die Wiskundepunt is van toepassing op IT, REK, FWT en natuurlik Wiskunde self.

# KULTUUR

## ATKV-REDENAARS

Baie geluk aan die 44 leerders wat verlede Saterdag aan die eerste rondte van die ATKV-redenaarskompetisie te Menlopark deelgeneem het. Meer as 1 300 leerders van skole regoor Gauteng-Noord het aan hierdie prestige kompetisie deelgeneem.

## MELODIA

Baie geluk aan ons Melodia-leerders wat Dinsdagaand aan die Pretoria Eisteddfod in die afdeling vir minder ervare kore (gemengde hoërskoolafdeling) deelgeneem het. Hulle het onderskeidelik ‘n A en ‘n A+ ontvang, die hoogste toekennings in dié afdeling. Woensdagaand het hulle aan die semifinaal van die National Eisteddfod Young Performers Awards in die Roodepoort Stadsteater deelgeneem.

Ons sien ook met groot verwagting uit na Melodia se optrede volgende week waar hulle vir die eerste keer in die College se geskiedenis aan die ATKV-Applouskompetisie sal deelneem.

# SPORT

## ATLETIEK

Baie geluk aan me Simoné Botha, landlooporganiseerder, wat by die pas afgelope SA Meesters-kampioenskap silwer medaljes in beide die 5 000 m en die 1 500 m asook ‘n brons medalje in die 800 m gewen het. Ons sien uit na die landloopoefenkamp en seisoen wat binnekort onder haar leierskap afskop!

## SWEM

| Swemmer | Junior SA's | Senior SA's |
|---|---|---|
| Lance Cromhout | 400 m-vryslag – 6de<br>100 m-rugslag – Silwer<br>200 m-rugslag – Goud<br>50 m-rugslag – Goud | 50 m-rugslag<br>100 m-rugslag<br>200 m-rugslag (A-finaal) – 18de |
| Adrian van Wyk | 100 m-vryslag – 4de<br>50 m-rugslag – Goud<br>100 m-rugslag – Goud<br>200 m-rugslag – Silwer<br>Aflosse:1 x silwer, 2 x Goud | 200 m-rugslag (A-finaal) – 8ste<br>100 m-rugslag (B-finaal) – 10de<br>50 m-rugslag (B-finaal) – 13de |

| Swemmer | SA Skolekampioenskap |
|---|---|
| Lyla van der Spuy | 100 m-vlinderslag – 4de<br>50 m-vlinderslag – 4de<br>4 x 100 m-Medley-aflos – Goud |
| Abigail Roberts | 100 m-vryslag – 5de<br>50 m-rugslag – 4de<br>50 m-vryslag – Brons<br>50 m-vlinderslag – Brons<br>4 x 50 m-Medley-aflos – Brons |

## GHOLF

Die eerste gholfspan het in die Voorsitterstrofee teen Menlopark te staan gekom en 1½ - 2½ verloor. Die vier seuns, Ruben-hein Churr, Joshua Rouncivell, Ryan Strauss en Nathan Roux het veggees getoon en goeie rondtes van 70, 73, 74 en 78 onderskeidelik geskiet. Die span het ook algeheel vierde tydens die Gauteng-Noord Skolekampioenskap geëindig.

## RUITERSPORT

Verskeie van ons ruiters het die afgelope maand goed presteer:

| Ruiter | Dissipline | Plek |
|---|---|---|
| **Eventing Show** | | |
| Kynan van Zyl | Eventing 85 cm show jumping | 2de |
| **Kyalami Park Club Easter Festival** | | |
| Daniella de Vries | Eventing 90 cm show jumping | Wen die kampioenskap |
| **Gauteng Ekurhuleni SANESA Qualifier 3** | | |
| Abbi Howarth | Dressage Preliminary Test 3 and 4 | 3de |
| Michelle du Preez | Working riding<br>Performance riding | 2de<br>1ste |
| Kiara Kok | Show jumping A2 competition 70 cm<br>Show jumping normal competition 70 cm | 3de<br>4de |
| Daniella de Vries | Eventing 65 cm<br>Show jumping normal competition 90 cm<br>Show jumping A2 competition 90 cm | 1ste<br>1ste<br>4de |

| Ruiter | Dissipline | Plek |
|---|---|---|
| Kynan van Zyl | Vaulting | 1ste |
| | Eventing 85 cm | 2de |
| | Dressage Novice Test 3 and 4 | 2de en 4de |
| | Working hunter 70 cm and 90 cm | 1ste |
| | Show jumping A2 competition 80 cm | 3de |
| | Show jumping normal competition 80 cm | 1ste |
| | Show jumping normal competition 100 cm | 2de |
| | Show jumping A2 competition 100 cm | 3de |
| Louis Verhoef | Dressage Elementary medium Test 3 en 4 | 1ste |
| Jodi Slade | Dressage Novice Test 3 and 4 | 1ste |
| | Working hunter 70 cm | 2de |
| | Eventing | 5de |
| | Show jumping competition 80 cm | 3de |
| | Show jumping A2 competition 80 cm | 3de |
| | Equitation 70 cm | 1ste |
| Daniela Bedford | Show jumping 60 cm | 1ste |
| **SA Grand Champion Saddle Seat Competition** | | |
| Carmia van den Berg | U14 Pleasure horse | 6de |
| | U14 Equitation | 7de |
| | U18 Equitation | 8ste |

## SKAAK

Die volgende leerders het tydens die Tshwane D4-Individuele kampioenskap presteer:

| Naam | Afdeling | Prestasie |
|---|---|---|
| Arun Gounder | o. 15 | 3de |
| Jean Blignaut | o. 18 | 6de |
| Wihan Cilliers | o. 18 | 4de |
| Shayur Vather | o. 18 | 1ste |

Onlangse spanuitslae:

| Span | Opponente | Uitslag | Opponente | Uitslag |
|---|---|---|---|---|
| o. 15A | Sutherland | Wen 6 – 0 | Eldoraigne | Wen 3½ – 2½ |
| o. 15B | - | - | Centurion | Gelykop 3 – 3 |
| o. 17A | Curro Academy | Wen 3½ – 2½ | Eldoraigne | Verloor 2½ – 3½ |
| o. 19B | Centurion Secondary | Gelykop 3 – 3 | Centurion | Verloor 2 – 4 |
| o. 19A | Sutherland | Gelykop 3 – 3 | Eldoraigne | Wen 4½ – 1½ |

## TENNIS

Onlangse spanuitslae:

| Span | Opponente | Uitslag | Opponente | Uitslag |
|---|---|---|---|---|
| Meisies o. 15A | Waterkloof o. 15B | Wen 39 – 27 | | |
| Seuns o. 15A | Waterkloof o. 15A | Verloor 1 – 6 | | |
| Meisies o. 15B | Loreto o. 15A | Wen 38 – 29 | | |
| Seuns o. 15B | Menlopark o. 15C | Verloor 20 – 47 | AHS o. 15D | Verloor 17 – 50 |
| Meisies o. 19A | Zwartkop o. 19B | Wen 53 – 14 | | |
| Seuns o. 19A | PBHS o. 19B | Wen 49 – 18 | AHS o. 19C | Wen 38 – 29 |
| Seuns o. 19B | Oos-Moot o. 19B | Wen 44 – 22 | | |
| Meisies o. 19C | FH Odendaal o. 19A | Wen 48 – 19 | | |

## WINTERSPORT

Die seisoen is in volle swang en ons leerders oefen hard, presteer goed en geniet die wintersport selfs meer. Die meisies het netballigawedstryde teen Overkruin gespeel, en die uitslae is 'n groot verbetering op verlede jaar. Net so toon ons meisieshokkie-tellings teen AHMP positiewe tekens van groei. Ons is opgewonde oor die opwaartse kurwe wat ons wintersport wys.

| MEISIESHOKKIE | | SEUNSHOKKIE | | NETBAL | | RUGBY | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| vs. AHMP | | vs. Eldoraigne | | vs. Overkruin | | vs. Wagpos | |
| Span | Uitslag | Span | Uitslag | Span | Uitslag | Span | Uitslag |
| o. 14C | 0 – 2 | o. 14B | 5 – 0 | o. 14A | 24 – 10 | o. 14A | 19 – 17 |
| o. 14B | 1 – 0 | o. 14A | 3 – 0 | o. 14B | 20 – 10 | o. 14B | 7 – 17 |
| o. 14A | 0 – 2 | o. 16B | 3 – 1 | o. 14C | 30 – 1 | o. 15A | 3 – 0 |
| o. 15C | 0 – 2 | o. 16A | 2 – 1 | o. 14D | 15 – 2 | o. 15B | 24 – 29 |
| o. 15B | 0 – 0 | 2de | 3 – 2 | o. 15A | 18 – 21 | o. 16A | 19 – 28 |
| o. 15A | 0 – 5 | 1ste | 2 – 2 | o. 15B | 14 – 14 | 3de | 5 – 24 |
| o. 16B | 0 – 3 | | | o. 15C | 2 – 13 | 2de | 12 – 12 |
| o. 16A | 0 – 3 | | | o. 16A | 23 – 10 | 1ste | 57 – 3 |
| 3de | 0 – 7 | | | o. 16B | 14 – 14 | | |
| 2de | 0 – 6 | | | o. 16C | 11 – 3 | | |
| 1ste | 0 – 1 | | | o. 17A | 18 – 10 | | |
| | | | | 2de | 19 – 15 | | |
| | | | | 1ste | 28 – 20 | | |

Seunshokkie – Die eerste span het 5de in die Gauteng-Noordbeker geëindig nadat hulle Sutherland in die uitspeelrondte geklop het.

## NETBAL

Ons is baie trots op Iva Mukadi (o. 14) wat in die finale Gautengspan opgeneem is en aan die nasionale toernooi gaan deelneem!

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

### GHOLF

Ruben-hein Churr (graad 9) is vir die o. 15-Gauteng-Noord gekies wat aan die 2023 Boland-Uitnodigingstoernooi in die Paarl gaan deelneem. Baie geluk!

### HENGEL

Gareth Prinsloo (graad 9) het Gauteng-Noord by die SA Kampioenskap te Bloemhofdam in die oop-afdeling verteenwoordig en sewende geëindig.

### STOEI

Rohan du Plessis (graad 11) gaan SA in Mei tydens die Afrika Kontinentale kampioenskap in Tunisië verteenwoordig. Sterkte!

**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 25 Mei 2023